Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Verse 1 tot 5 handel oor die Almag van Allah

1. Vereer en prys die suiwer en skoon Wese van jou Skepper, Voorsiener 'n Onderhouer, die Allerhoogste, met die grootste nederigheid en respek, deur die Beskrywende Naamwoorde waarmee Allah homself geïdentifiseer het, eksklusief vir Allah te gebruik en aan Allah geen addisionele Beskrywende Naamwoorde toe te dig nie,

2. die enigste Wese ooit wat iets uit niks kon maak, wat alles uit niks geskape het, en dit ook orde en funksionaliteit gegee het deur die simmetrie en konstantheid van die samestelling daarvan,

3. en Wie die spesifikasies waarvolgens dit sou funksioneer bepaal het, volgens die doel waarvoor dit gemaak was, en aan dit leiding verskaf het deur dit toe te rus met 'n besondere natuur en met potensiaal en vermoëns sodat dit kan funksioneer ooreenkomstig die doel waarvoor dit geskape was,(K20:50)

4. en Wie die weivelde voortgebring het, groen en lustig,

5. en dit toe na afloop van die groeiseisoen in droë stoppels verander het, wat 'n swarterige kleur kry namate dit vergaan.

Hier volg nou a paar riglyne wat aan die Profeet gegee was aangaande sy verpligtinge, met die verblydende nuus dat Allah dit vir hom maklik sal maak

6. Mohammed, jy moet agter Ons aan sê, dan sal jy nie vergeet nie

7. behalwe dit wat Allah wil hê dat jy sal vergeet. Allah weet inderdaad wat is bekend en wat is verborge en weggesteek. (K2:106)

8. En Ons sal jou help om dit sommer maklik reg te kry.

9. So gee raad, advies en vermaning aangaande wat Allah van die mense verwag aan alle mense want almal kan doen met raad, advies en vermaning oor wat Allah van hulle verwag.

10. Diegene wat 'n heilige respek het vir Allah, sal luister na jou raad en advies ,

11. maar die ellendigste van mense sal jou raad en advies vermy:

12. hulle wat die Grootste Vuur sal binnegaan,

13. waarin hulle nie sal sterf of 'n noemenswaardige lewe sal hê nie.

14. Sukses word ongetwyfeld bereik deur diegene wat hulself na liggaam, siel en verstand reinig,

15. en die naam van hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer uitspreek en bid.

16. Maar julle verkies hierdie aardse lewe omdat julle dit kan sien en ervaar,

17. terwyl die Hiernamaals, wat julle nog nie kan sien en ervaar nie, eintlik baie beter is en baie meer duursaam is.

18. Dit is inderdaad so beskrywe in die vroeëre heilige geskrifte

19. van Abraham en Moses.